

Saterdag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Josua 1

Fokusgedeelte: Josua 1:8 (1933/53-vertaling)

**Ek ken God, daarom sal ek Hom ook gehoorsaam in die jaar
wat voorlê**

Ons staan aan die begin van 'n splinternuwe jaar! Hoewel ons dankbaar is vir gespaarde lewens en vir nuwe geleenthede om die Here te dien, is dit bloot menslik om ook onseker te voel oor dit wat dalk vir ons voorlê. Die Covid-pandemie van die vorige twee jaar het ons geleer om nie te selfversekerd oor die toekoms te wees nie. Tog kan gelowiges die toekoms met vertroue en hoop tegemoet gaan! Vertroue nie in onself of daarin dat alles vir ons hierdie jaar voorspoedig sal afloop nie, maar vertroue in die almagtige God wat Hom aan ons bekendgemaak het in sy Woord en verlos het deur sy Seun!

Josua en die volk het ook voor 'n nuwe begin gestaan. Hulle het op die drumpel van die beloofde land gestaan. Hulle was opgewonde oor die nuwe begin wat die Here aan hulle sou gee in hulle eie land, maar ook versigtig, want die nuwe land het ook groot gevare vir hulle ingehou.

Daarom versterk die Here vir Josua en die volk met: “Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel” (Jos. 1:8).

Die groot verskil tussen 'n gelowige en 'n ongelowige se benadering tot die toekoms is dat gelowiges die Here ken! Hy het Hom in sy Woord aan ons geopenbaar as die almagtige, genadige God wat sy kinders so liefhet dat Hy hulle verlos het deur Jesus Christus. In Hom het ons 'n hoopvolle toekoms! Omdat ons Hom ken, sal ons Hom ook hoopvol gehoorsaam in die jaar wat voorlê, met die troos dat God in voorspoed en in teëspoed met ons sal wees.

As gelowiges hoef ons dus eintlik net een voorneme te hê, en dit is om die Here se Woord nougeset te gehoorsaam.

Sing: Psalm 89-1:6

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)